Laurika Rauch het 'n nuwe CD uit waarop haar sjokoladestem jou weer sal laat verlang, onthou en glimlag. **3**

elektriese verlange

Laurika van krag tot krag

Ná meer as 30 jaar en by album no. 20, is Laurika Rauch steeds een van Suid-Afrika se gewildste sangers. Anna-Retha Bouwer het op 'n elektrisiteitslose dag met haar gesels.

In een van haar grootste treffers, *Die gang*, sing Laurika Rauch van haar oom se plaas sonder elektrisiteit. Dit is juis op 'n dag toe groot dele van Pretoria lamgelê is deur 'n kragonderbreking dat ons gesels, maar dit is nie in 'n donker gang nie. Ons sit op 'n sonnige balkon wat uitkyk op 'n boom met 'n nuwe vinknes in, 'n roosberankte gazebo en 'n oop stuk veld waar mense met hul honde loop.

Water vir koffie is op 'n gasstoof gekook, die melktert is van die tuisnywerheid se beste, verseker sy, en met haar hare pas gewas sit sy as gevolg van 'n haardroër wat nou nie kan werk nie met haar kop in die son.

Die oomblik word een wat 'n mens sal kan onthou as 'n selfgenoegsame een. Op daardie oomblik ontbreek niks wat Eskom ons sou kon bied nie.

En dit is juis oomblikke en herinneringe wat Rauch ná meer as 30 jaar nog in die musiekbedryf hou. "Ek wil net herinneringe maak vir mense," vertel sy. "Goed moet in mense se heugenis loop. Ek het nie 'n brandende behoefte om enigiets vas te vang vir altyd nie. CD's en my enigste *live* DVD is genoeg van 'n rekord."

Party goed, glo sy, moet onthou word soos dit op daardie moment was.

"My maatstaf is myself, en ek doen graag goed sodat dit vir myself sin maak, dan voel ek dat dit hopelik ook 'n gehoor sal bereik."

Rauch hou die rekord dat sy die eerste plaaslike kunstenaar was om 'n CD in Suid-Afrika uit te reik, in plaas van 'n vinielplaat.

"Dit was in 1990 met *Stuur groete aan Mannetjies Roux*. CD's was nog glad nie algemeen in die land nie. 'n Groep mans van Bronkhorstspruit wat gereeld musiekaande gehou het, het aan my 'n rentevrye lening gebied om 'n CD op te neem."

Rauch het pas haar 20ste album, *'n Lekker verlang liedjie*, uitgereik, en dit word môre amptelik in die Centurion-teater bekend gestel. Die kitaarspel van Juan Oosthuizen en Gideon Botes speel 'n groot rol op die CD en dit bevat 12 nuwe liedjies wat in haar geliefde styl 'n rustige, teer en nostalgiese hartsnaar pluk. En volgens die verspreiders van die CD is hul voorraad reeds op, weggeraap deur musiekwinkels!

Hoe kry jy dit reg, vra ek, om na soveel keer se sing weer terug te kom na die plek in jou kop waar die liedjie die eerste keer tot jou gespreek het?

"Ek was geseënd dat ek nog altyd die mees *amazing* materiaal kon sing wat die toets van die tyd deurstaan het, maar met verloop van tyd gebeur daar tog ander goed in jou kop.

"As ek nou *Stuur groete aan Mannetjies Roux* sing, klink dit dalk dieselfde as toe ek dit die eerste keer gesing het, maar ek verstaan dit anders. Dit het die pad saam met my geloop."

Sy vertel sy het aanvanklik nie die omvang van die liedjie besef nie, en dit het later ander betekenis gekry. Eienaardig genoeg was hierdie groot treffer van haar nie dadelik gewild nie. "Ek het dit 'n hele paar maande lank gesing voordat dit regtig gewild geword het. 'n Mens kan nie altyd voorspel wat gaan gebeur nie.

"Jy kan net so lekker speel met 'n lekker teks en ek het al saam met die ongelooflikste liedjieskrywers gewerk."

Agter baie van haar groot treffers soos *Stuur groete aan Mannetjies Roux*, *Hot Gates*, *Die gang* en *Op Blouberg se strand* – om maar 'n paar te noem – sit haar man, Chris Torr, pen in die hand.

Sy vertel dat die eerste lirieke wat Chris ooit geskryf het, een was oor die bankrower André Stander. Chris se lirieke het nie vir Stander opgehemel nie, maar die *folklore* agter Stander weergegee.

"Hy was so 'n romantiese figuur en heimlik wou almal hê hy moes nie gevang word nie." Die reëls "didn't we hope it wasn't your feet / sticking out from under an olive green sheet" met verwysing na Stander se uiteindelike skietdood in die VSA, weerspieël byvoorbeeld daardie kollektiewe sentiment.

Rauch het dit getoonset, maar dis nooit deur gehore gehoor as 'n liedjie nie.

Sy sê dat haar Engelssprekende man nog altyd kon skryf, iets wat sy glad nie doen nie.

"Ek is nie 'n liedjieskrywer nie, net 'n interpreteerder."

Sy glo onwrikbaar daaraan dat sy 'n onmiddellike, instinktiewe verbintenis met 'n liedjie moet hê. Dan weet sy dit gaan werk. Daarom dat Rauch drie jaar geneem het om die regte liedjies bymekaar te maak sedert haar laaste CD.

"Ek hou daarvan om 'n rou liedjie te kry en daaraan betekenis te probeer gee."

'n Lang pad lê stofgetrap sedert sy in 1976 saam met TV haar bulging in die land gemaak het. Sy het vir een van die eerste TV-programme, *Fyn net van die woord*, gedigte getoonset, waaronder *Toemaar die donker man* van Ingrid Jonker. Haar groot deurbraak was natuurlik *Kinders van die wind*, die temamusiek vir die TV-reeks *Phoenix & Kie*.

"Dit was 'n ongelooflike tyd vir ons almal – vir my, Anton Goosen, Coenie de Villiers, Jannie du Toit ... En Sonja was natuurlik die voorloper."

As sy nou terugkyk is dit met verwondering oor 'n loopbaan wat reeds oor drie dekades strek, en met beskeidenheid verwys sy na deure wat net aanhou oopgaan het.

Sy het tot op hede reeds 220 nuwe liedjies vir haar aanhangers gebring en haar produksies is gewoonlik uitverkoop.

Dit is duidelik dat as die verlede vergeet is en agter ons lê soos 'n donker gang, Laurika Rauch se onthougoed nog sal bly skyn soos 'n lig.

■ Laurika Rauch sing lekker verlangliedjies van 24 Oktober tot 3 November in die Centurion-teater, na aanleiding van haar nuutste album. Bespreek by Computicket.

Wen! Wen! Wen!

Drie gelukkige lesers kan elk 'n dubbelkaartjie na Laurika Rauch se vertoning in die Centurion-teater wen, asook 'n kopie van haar nuutste CD, *'n Lekker verlang liedjie*.

Daar is 'n dubbelkaartjie beskikbaar vir Donderdagaand, een vir die 30ste en een vir die 31ste. Deelnemers moet verkieslik op enigeen van hierdie aande beskikbaar wees om die vertoning by te woon.

Die CD's sal aan die wenners gepos word en die Centurion-teater sal hulle self kontak om reëlings vir die afhaal van die kaartjies te tref.

Lesers moet onderstaande vraag beantwoord en die antwoord per e-pos stuur aan plus@beeld.com voor môremiddag om 12:00. Dit moet vergesel word van 'n naam, kontaknommer en posadres. Slegs een inskrywing per persoon.

Vraag: Wat is die naam van Rauch se liedjieskrywerman?